testpapers.co.za

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

## VOORBEREIDENDE EKSAMEN

## 2015

**10691**

**MUSIEK**

# EERSTE VRAESTEL

**PUNTE:** 120
**TYD:** 3 uur

**Bladsye 19**

**NAAM:** ___________________________________

**SKOOL:** ___________________________________

MUSIEK V1
1069A

10691A

X10

3

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**VOORBEREIDENDE EKSAMEN – 2015**

**MUSIEK**
**(Eerste Vraestel)**

**TYD: 3 uur**

**PUNTE: 120**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING:

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings.
2. Alle kandidate moet AFDELING A (musiekteorie) en AFDELING B (algemene musiekkennis) beantwoord.
3. AFDELING A moet met potlood in die spasies wat voorsien is beantwoord word, en AFDELING B met pen in die antwoordboek wat voorsien is.
4. Kandidate moet dan ÓF AFDELING C (Westerse kunsmusiek) ÓF AFDELING D (Jazz) ÓF AFDELING E (Inheemse Afrikamusiek) beantwoord.
5. Gebruik ŉ pen vir jou antwoord van AFDELING C/D/E in die antwoordboek wat voorsien is.
6. Die laaste bladsy van die vraestel is manuskrippapier en is bedoel vir rofwerk. Dit mag deur die kandidaat verwyder word.

## NASIENRUBRIEK

| | MAKS | PUNTE | ONDERWYSER | MODERATOR |
|---|---|---|---|---|
| **AFDELING A: MUSIEKTEORIE** | | | | |
| Vraag 1 | 20 | | | |
| Vraag 2.1 of 2.2 | 15 | | | |
| Vraag 3 | 10 | | | |
| Vraag 4.1 of 4.2 | 15 | | | |
| **SUB-TOTAAL** | **60** | | | |
| **AFDELING B: ALGEMENE MUSIEKKENNIS** | | | | |
| Vraag 5.1 | 10 | | | |
| Vraag 5.2 | 10 | | | |
| **SUB-TOTAAL** | **20** | | | |
| **AFDELING C: WESTERSE KUNSMUSIEK** | | | | |
| Vraag 6 | 10 | | | |
| Vraag 7 | 5 | | | |
| Vraag 8 | 5 | | | |
| Vraag 9 | 5 | | | |
| Vraag 10 | 15 | | | |
| **SUB-TOTAAL** | **40** | | | |
| **AFDELING D: JAZZ** | | | | |
| Vraag 11 | 10 | | | |
| Vraag 12 | 8 | | | |
| Vraag 13 | 7 | | | |
| Vraag 14 | 15 | | | |
| **SUB-TOTAAL** | **40** | | | |
| **AFDELING E: INHEEMSE AFRIKAMUSIEK** | | | | |
| Vraag 15 | 10 | | | |
| Vraag 16 | 8 | | | |
| Vraag 17 | 7 | | | |
| Vraag 18 | 15 | | | |
| **SUB-TOTAAL** | **40** | | | |
| **GROOTTOTAAL** | **120** | | | |

## AFDELING A: MUSIEKGELETTERDHEID

**VERPLIGTE VRAE:** VRAAG 1 **EN** 3

**KEUSEVRAE:** VRAAG 2.1 OF 2.2 **EN** VRAAG 4.1 OF 4.2

**VRAAG 1 (VERPLIGTEND) (20 punte)**


Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord al die vrae wat daarop volg:

## *ALL THE THINGS YOU ARE*


***JEROME KERN***




1.1 Transponeer die note in die G-sleutel van maat 1 (gemerk A) ʼn majeur sekunde ($2^e$) hoër. Onthou om die nuwe toonsoortteken in te voeg. (3)




1.2 Herskryf die note in die G-sleutel van maat 3 (gemerk B) in die ooreenstemmende saamgestelde tydmaat. Onthou om die nuwe tydmaatteken vooraan te voeg. (5)



1.3 Skryf ʼn opgaande harmoniese mineurtoonleer in dieselfde toonsoort as die uittreksel. Gebruik ʼn geskikte saamgestelde tydmaat en enige ritmiese waardes, korrek gegroepeer. (3)



1.4 Voeg ʼn noot onder elke * om ʼn Blues toonleer op F te vorm. (1)





1.5 Identifiseer en benoem die intervalle C en D, bv. Majeur $7^e$. (2)

C ________________________________________

D ________________________________________

1.6 Keer die intervalle in Vraag 1.5 om en benoem die omgekeerde intervalle weer. (4)

C D



__________________ __________________

1.7 Vergelyk maat 1 en 2. Identifiseer EEN ooreenkoms en EEN verskil tussen hierdie twee mate. (2)

Ooreenkoms____________________________________________________________

Verskil____________________________________________________________

**[20]**

**Beantwoord VRAAG 2.1 of VRAAG 2.2**

**VRAAG 2 (Melodieskryf) (15 punte)**

2.1 Voltooi die motief hieronder om ’n 12-maat melodie met ABA-struktuur vir ’n enkellyninstrument te vorm. Onthou om aanwysings vir dinamiek en artikulasie by te voeg en dui aan vir watter instrument jy skryf. (15)

INSTRUMENT ______________________________________________




Die melodie sal volgens hierdie riglyne nagesien word:

| BESKRYWING | PUNTETOEWYSING | KANDIDAAT SE PUNTE |
|---|---|---|
| Vorm en kadenspunte | 6 | |
| Korrekte notasie | 5 | |
| Voordragaanwysings en artikulasie | 4 | |
| Algemene indruk: vernuwing, kreatiwiteit, voordragaanwysings en melodiese kurwe | 15 | |
| **TOTAAL** | **30/2=15** | |

**OF**

2.2 Voltooi die motief hieronder om die 12-maat melodie met ABA-struktuur vir 'n enkellyninstrument te vorm. Onthou om aanwysings vir dinamiek en artikulasie by te voeg en dui aan vir instrument jy skryf. (15)

INSTRUMENT ______________________________



Die melodie sal volgens hierdie riglyne nagesien word:

| BESKRYWING | PUNTE TOEWYSING | KANDIDAAT SE PUNTE |
|---|---|---|
| Vorm en kadenspunte | 6 | |
| Korrekte notasie | 5 | |
| Voordragaanwysings en artikulasie | 4 | |
| Algemene indruk: vernuwing, kreatiwiteit, voordragaanwysings en melodiese kurwe | 15 | |
| **TOTAAL** | **30/2=15** | |

**[15]**

**VRAAG 3 (Harmoniese Analise) (10 punte)**

Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg:

Bist du bei mir J S Bach

uit die Anna Magdalena Bach Notaboek



3.1 Noem die toonsoorte by A en B, bv. *B majeur*. (2)

A: ______________________________

B: ______________________________

3.2 Identifiseer die toonsoorte en besyfer die akkoorde by C en D, bv. *E: $IV^6$ of E: A/$C^{\#}$* (2)

C: ______________________________

D: ______________________________

3.3 Benoem die kadens by E. Skryf die toonsoort, akkoordprogressie en tipe neer, bv. *E: V – I, voltooide kadens*. (3)

______________________________________________________

3.4 Identifiseer en benoem die tipe non-akkoordtone by F en G, bv. *appoggiatura*. (2)

F: ______________________________

G: ______________________________

3.5 Noem die komposisietegniek by H in mate 14 en 15. (1)

______________________________________________________

**[10]**

**VRAAG 4 (Harmonisering) (15 punte)**

**Beantwoord VRAAG 4.1 or VRAAG 4.2**

4.1 Voltooi die volgende harmonisering deur partye vir alt, tenoor en bas onder die gegewe sopraanlyn te voeg. (15)






Die harmonisering sal volgens hierdie riglyne nagesien word:

| BESKRYWING | PUNTETOEWYSING | KANDIDAAT SE PUNTE |
|---|---|---|
| Akkoordprogressie: keuse van akkoorde en non-akkoordtone | 12 | |
| Korrektheid: notasie, stemleiding, dubbelspasiëring | 13 | |
| Algemene indruk: vernuwing, kreatiwiteit, non-akkoordtone | 15 | |
| **TOTAAL** | **30÷2 = 15** | |


**[15]**

**OF**

**b.o.**

4.2 Voltooi die volgende stuk deur geskikte harmoniese materiaal in die bassleutel by die gegewe melodie te voeg. Skryf in die styl wat gegee word. (15)






Die harmonisering sal volgens hierdie riglyne nagesien word:

| BESKRYWING | PUNTETOEWYSING | KANDIDAAT SE PUNTE |
|---|---|---|
| Akkoordprogressie: keuse van akkoorde en non-akkoordtone (tussendominant van V nie verpligtend) | 14 | |
| *Stemleiding* | 8 | |
| Algemene indruk: vernuwing, kreatiwiteit, karakterisering | 8 | |
| **TOTAAL** | **30÷2 = 15** | |

**[15]**

**TOTAAL AFDELING A: 60**

**AFDELING B - AMK (verpligtend)** **20 Punte**

**Vraag 5.1 (10 punte)**

Kies die mees korrekte antwoord uit die opsies A – D as antwoord vir elkeen van vraag 5.1-10. Skryf slegs die vraagnommer en letter in elke geval neer, bv. 5.11 D.

5.1.1 Watter van die volgende items is nie ŉ basiese musiekelement nie?

**A** Timbre
**B** Volume
**C** Perspektief
**D** Struktuur

5.1.2 Watter van die volgende items is nie ŉ groep musiekinstrumente nie?

**A** Aerofone
**B** Sousafone
**C** Ideofone
**D** Elektrofone

5.1.3 Watter van die volgende items is nie ŉ tegniek waarmee "vorm" in musiek geskep word nie?

**A** Herhaling
**B** Variasie
**C** Kontras
**D** Instrumentasie

5.1.4 Watter van die volgende items is nie tipies aan die basiese formele strukture van Afrikamusiek nie?

**A** Grondbas
**B** Roep en antwoord
**C** Oorvleuelende frases
**D** Gemengde strukture

5.1.5 Watter van die volgende items is nie ŉ tempo-aanduiding nie?

**A** Largetto
**B** Lento
**C** Mezzo
**D** Rallentando

5.1.6 Watter van die volgende kunstenaars / groepe is nie deel van Rock-musiek in die 20$^{e}$ eeu nie?

**A** Jimi Hendrix
**B** Ravi Shankar
**C** Elvis Presley
**D** The Beatles

5.1.7 Watter van die volgende items is nie ŉ stylperiode in Westerse kunsmusiek nie?

**A** Klassiek
**B** Renaissance
**C** Ragtime
**D** Barok

5.1.8 Watter van die volgende items is nie ŉ Jazz-styl nie?

**A** Blues
**B** Bebop
**C** Dixieland
**D** Bluegrass

5.1.9 Watter van die volgende items is nie ŉ inheemse Afrika musiekstyl nie?

**A** Ipitombi
**B** Kwela
**C** Mbaqanga
**D** Mbube

5.1.10 Watter van die volgende volgorde van tone en halftone vorm ŉ doriese modus?

**A** toon, toon, toon, halftoon, toon, halftoon, toon
**B** toon, toon, halftoon, toon, toon, toon, halftoon
**C** toon, halftoon, toon, halftoon, toon, toon, toon
**D** toon, halftoon, toon, toon, toon, halftoon toon

**[10]**

**Vraag 5.2 (10 punte)**

Beantwoord die volgende vrae oor die Suid-Afrikaanse musiekindustrie:

5.2.1 Definieer “musiekplagiaat” in jou eie woorde. (2)

5.2.2 Wie is, volgens kopieregwet, die skrywer van ŉ lied? (1)

5.2.3 Verduidelik in jou eie woorde hoe kopiereg gedeel word wanneer verskillende lede van ŉ groep ŉ lied saam skryf. (2)

5.2.4 Noem DRIE maniere waarop ŉ kunstenaar se musiekbesigheid deur ŉ agent/bestuurder ontwikkel kan word. (3)

5.2.5 Verduidelik wat “needle-time” tantieme is. (2)

**[10]**

**AFDELING C – WKM (Keusevraag)** **40 punte**

**Vraag 6 Kortvrae (10 punte)**




6.1 Identifiseer die werk waaruit hierdie tema kom. Skryf die titel en komponis neer. (2)

6.2 Noem die genre van die werk in 6.1 en verskaf ’n definisie van hierdie genre. (3)

6.3 Noem een ooreenkoms en een verskil tussen die uiteensetting en die heruiteensetting in sonatevorm. (2)

6.4 Noem DRIE beginsels wat deur die Camerata vasgestel is in hulle ontwikkeling van die opera: (3)

**Vraag 7 (5 punte)**

Skryf ’n paragraaf waarin jy die volgende sub-genres, soos wat dit in ’n opera aangetref word, verduidelik:

- aria (2)
- resitatief (2)
- koor (1).

**Vraag 8 (5 punte)**

Op watter manier verskil Beethoven se Simfonie No. 6 Op. 68 in Fmajeur van die vroeëre standaard Klassieke simfonieë wat deur sy voorgangers gekomponeer is? Skryf ’n kort paragraaf waarin jy 5 van hierdie verskille noem.

**Vraag 9 (5 punte)**

Beskryf ’n tipiese Klassieke orkes.

**Vraag 10 (15 punte)**

*Die Zauberflöte* (Die Towerfluit) is die laaste opera wat deur WA Mozart gekomponeer is. Gebruik die volgende riglyne om ŉ opstel te skryf waarin jy hierdie monumentale werk beskryf.

- Gee ŉ definisie van die spesifieke genre van *Die Zauberflöte* (1)
- Noem TWEE sub-genres wat in die opera voorkom en verduidelik elkeen (4)
- Noem DRIE karakters, hulle stemtipes en een solo wat deur elkeen gesing word (9)

Jou logiese aanbieding van inhoud sowel as ŉ goed-gestruktureerde formaat sal met een punt gekrediteer word. (1)

**OF**

**AFDELING D – JAZZ (Keusevraag)** **40 punte**

**Vraag 11 Kortvrae (10 punte)**

11.1 Noem VIER instrumente wat die kern van die oorsprong van Kaapse Jazz gevorm het. (4)

11.2 Verduidelik wat ŉ "ghoema-trom" is. (2)

11.3 Noem DRIE prominente eksponente van Kaapse Jazz wat betrokke was by die oorspronklike opname van *Mannenberg* in die vroeë 1970s. (3)

11.4 Wie is die Jazz-kunstenaar wat bekend is vir *The Colours They Bring*? (1)

**Vraag 12 (8 punte)**

Skryf ŉ paragraaf waarin jy die betekenis en eienskappe van Kwela musiek in die konteks van Suid-Afrikaanse Jazz verduidelik. Noem kunstenaars en groepe as voorbeeld. (8)

**Vraag 13 (7 punte)**

"The Soul Brothers" is ŉ groep wat verteenwoordigend is van ŉ tipies Suid-Afrikaanse styl. Beskryf in ŉ paragraaf waarom hierdie style tipies Suid-Afrikaans is en noem EEN ander groep/kunstenaar wat hierdie styl gebruik. (7)

**Vraag 14 (15 punte)**

Skryf ŉ opstel oor vroeë Marabi musiek. Sluit inligting oor die oorsprong en styleienskappe van hierdie musiek in (10). Noem ten minste TWEE kunstenaars / groepe en ŉ tipiese lied deur elkeen. (4)

Jou logiese aanbieding van inhoud in ŉ goed-beplande struktuur sal met een punt gekrediteer word.

**OF**

**AFDELING E – IAM (Keusevraag)** **40 punte**

**Vraag 15 Kortvrae (10 punte)**

15.1 Noem twee musikante wat instrumenteel was in die vaslegging van die Malombo styl. (2)

15.2 Wat was Sello Galane se belangrikste doelwit met Free Kiba? (2)

15.3 Verduidelik die sangstyl van ’n Isicathamiya-groep. (4)

15.4 Noem twee beroemde liedere / treffers deur Ladysmith Black Mambaso. (2)

**Vraag 16 (8 punte)**

Skryf ’n paragraaf wat die oorsprong en eienskappe van Maskandi musiek verduidelik. Noem prominente kunstenaars / groepe as voorbeelde. (8)

**Vraag 17 (7 punte)**

“The Soul Brothers” is ’n verteenwoordigende groep met ’n tipies Suid-Afrikaanse styl. Bespreek in ’n paragraaf hoekom hierdie styl tipies Suid-Afrikaans is en noem EEN ander groep / kunstenaar wat hierdie styl gebruik. (7)

**Vraag 18 (15 punte)**

Skryf ’n opstel waarin jy die rol van inheemse Afrika musiek in die tradisionele sosiale konteks bespreek. (15)

Jou logiese aanbieding van inhoud en die beplanning van ’n goed-gestruktureerde opstel sal met een punt gekrediteer word.

| | |
|---|---|
| **Totaal Afdeling A:** | **60 punte** |
| **Totaal Afdeling B:** | **20 punte** |
| **Totaal Afdeling E:** | **40 punte** |

**EINDE**

*Manuscipt paper for candidate's own use / Manuskrippapier vir kandidaat se gebruik*